PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *21 Maart 2021*

Vyfde Sondag in Lydenstyd

Skriflesing: Handeling 14:22 & Matteus 7:24-25
Tema: Die mees onkinderlike van alle gelykenisse: *Huis op Rots*

Ons Program

Vandag: Menseregtedag

- **Erediens** om 9:30 olv ds Hennie Maartens. Welkom, ds Hennie! Lina Oberholzer is die pianis.
- **Deuroffer**: Teologiese Opleiding (2de Kol)
- **Tee en verversings** – Julle kan dit in die voorportaal kry en buite onder die bome geniet. Baie dankie aan Modderrivier wyk.

Dinsdag

- **Bybelskool** in die kerksaal om 18:00: Hulpbronne vir die verstaan van die Bybel.

Volgende Sondag: Palmsondag

- **Gesinsdiens** om 9:30 olv ds Jaco Thom. Bring asb groen takke saam wat ons in die portaal en in die kerk kan neersit om Palmsondag te vier.
- **Sondagskool en kategese**
- **Deuroffer:** Letsemeng Kinderhuis
- **Tee en verversings** – Wyk 4

Donderdag 1 April: Wit Donderdag

- Nagmaal om 18:00 in die kerk.

Vrydag 2 April: Goeie Vrydag

Sondag 4 April: Paasfees

- Erediens om 09:30

Bybellees-program

Ons lees tans die **Evangelie volgens Lukas**. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik hier.

Só glo ons

Heidelbergse Kategismus
Vraag 29: Waarom word die Seun van God "Jesus", wat Verlosser beteken, genoem?
Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos en by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie.

Vraag 31: Waarom word Hy "Christus", wat Gesalfde beteken, genoem?
Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het; tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.

Allerlei

Vleis- en Oesfees en mini-basaar



Ons beplan 'n Vleis- en Oesfees en mini-basaar op **29 Mei 2021**. Dit gaan 'n ietwat ander formaat aanneem as vorige vleisfeeste.

- Ons gaan in Meimaand 'n pryslys van vleisprodukte vrystel waar u vooraf bestellings kan plaas, en ons gaan slegs die bestellings uitvoer. Die res van die vee gaan lewend verkoop word.
- Daar sal by die mini-basaar wel sosaties, wors en maalvleis (gaar of rou) in klein hoeveelhede te koop wees, asook groente en ander produkte wat ons moontlik mag kry. Ons wil ook groot koeke, kerrie & rys, boerewors-rolle, koue poedings en pannekoek verkoop.
- U kan ook graan lewer op die kerk se lidnommer by Senwes as bydrae tot die oesfees.

Insamelingslyste sal eersdaags in wyke versprei word en ons vra dat u u ouderling of diaken met 'n oop hand sal ontvang.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Maart

21 Geraldene du Plessis
21 Fred van Pletzen
22 Madi Henning; Jorrie Jordaan
25 Janet du Toit
26 Eldoné de Lange; Wimpie du Toit; Jano Hugo; Hennie Wagner
27 Poenie Badenhorst; Hannes van der Watt

Huweliksherdenking

23 Hendrik & Amanda Strydom (30j)
Andre en Lulu Hugo (36j)
24 Gert & Ina Henning (48j)
Dawie & Alanda Meades (31j)
Barend & Carina de Lange (3j)

Dink spesiaal aan:

- **Lilly Cloete** (haar man Nic oorlede)
- **Rachel Allan** (erg verswak)
- **Magna van Loggerenberg** (herstel van Longontsteking)
- **Janet du Toit** (herstel ná val en slegte beenbreuk)
- **Annamarie Dercksen** (rugoperasie Dinsdag 23 Maart)

Vrouebedieningprogram

Kwartaal 1: Naomi Groep (Wyke 4 & Emmaus) olv Retha Nel

28 Mrt Palmsondag
1 Apr Wit Donderdag – Aandnagmaal
4 Apr Opstanding Sondag – Blomme
23 Apr Skole Sluit

Gebed vir Lydenstyd

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

Ons eer U, Here God van ons verlossing,
aan U behoort die heerlikheid en lof vir ewig.
Ontsteek in ons die vuur van u liefde
as ons u Seun aanskou, getroon aan die kruis,
dat ons gereinig kan word van al ons sondes
en met U in 'n nuwe lewe kan wandel
en die lof kan sing van Hom wat gesterf het
vir ons en ons redding.
Aan God die eer, Vader, Seun en Heilige Gees.

Leraar:	**Jaco Thom**	**084 523 1157**	**jaco@ngkerkpetrusburg.co.za**
Kantoor:	**Madette Lombaard**	**053 574 0279**	**ngkpetrusburg@gmail.com**
Orrelis:	**Elmien Thom**	**084 562 3434**	**elmien@ngkerkpetrusburg.co.za**
Koster:	**Annamarie Dercksen**	**072 499 4262**	**annamarie.dercksen@yahoo.com**
Webwerf	**www.ngkerkpetrusburg.co.za**		***facebook*** **NG Kerk Petrusburg**
Kantoorure	**Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00**		
Bankrekening	**ABSA Tjekrekening 2610580001**		